Lees saam: Matteus 18:22

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

# Bid saam

- Vra vir iemand in die groep om Psalm 34 hardop te lees as 'n gebed ter afsluiting. *Hierdie Psalm is bes moontlik deur Dawid geskryf terwyl hy in die Adullam grot geskuil het.*
- Bid vir mekaar om God te prys in alle omstandighede

moreleta kerk

## Hoe reageer jy op die donker tye?

27 Oktober 2024

Ds. Teodor van der Spuy
teodor@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

## Inleiding

Dawid word in beide die Ou en die Nuwe Testament beskryf as iemand naby aan God se hart. (**1 Samuel 13:14** en **Handelinge 13:22**). Dawid se verhaal is een wat die laagte en hoogtepunte van menswees vier. Dawid was 'n volksheld en 'n moordenaar, 'n wyse man en die grootste dwaas van sy tyd. Ten spyte van dit word hy steeds beskou as iemand vir wie God lief was. Iemand met wie ek en jy onsself mee kan vereenselwig.

**Grot gebeurtenisse**:

Wat Dawid en Josef ingemeen het is dat albei 'n donker grot belewenis moes deurmaak. 'n Wagperiode waar die lewe nie sin gemaak het nie. 'n Tydperk waar seer en angs en 'n onvergewensgesindheid hooggety kon vier maar ook 'n tyd waar God iemand se karakter kon vorm. Die rede hoekom Dawid in die grot opeindig is omdat Koning Saul groen van jaloesie was oor wie Dawid geword het in die oë van die volk.

## Gesels saam

1. Ken iemand die verhaal van Dawid se donker grot belewenis in jou kring?
2. Lees saam 1 Samuel 21:10 en 1 Samuel 22. (Lees dit saam in die groep, gee vir elke persoon 'n beurt om 'n vers te lees. Dit verg dat almal moet saam volg.
3. Dawid vlug uiteindelik tot in die Adullam grot. Hier ontmoet hy 'n bende van terneergedrukte mense wat elkeen mismoedig was. Wat glo jy was die trant van die gesprekke wat in die Adullam grot plaasgevind het?

**Lees 1 Samuel 24**

1. Hoe het Dawid dit reggekry om vir Saul te vergewe in die lig dat hy die kans gehad het om hom dood te maak?
2. Hoe sou jy gereageer het as jy in Dawid se situasie was?

**Beide** Dawid en Josef het dit reggekry om te lewe vanuit die ongeregtighede wat teenoor hulle plaasgevind het. Hulle het die vermoë ontwikkel om selfs te kan vergewe al maak dit nie sin nie. 'n Bewys hiervan is dat hy nie bereid was om wraak te neem teenoor Saul nie.

Ons grot belewenisse kan dus 'n tyd van wraak of genesing wees. Elkeen van ons gaan êrens gekonfronteer word met ons eie wraakgedagtes en haat gedagtes. Ons elkeen het al seergekry en het al ander seergemaak. Het jy die vermoë ontwikkel om te kan vergewe net soos wat jy vergewe is?

Wat het Jesus oor vergifnis te se gehad? **Lees Matteus 18:22**

Vergifnis is slegs moontlik omdat Jesus ons eerste vergewe het. Vergifnis is nie 'n eenkeer in 'n leeftyd aksie nie maar 'n ingesteldheid van aanhoudende vergifnis.

## Doen saam

Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)

Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

## Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

**Algemene info**
info@moreleta.co.za
012 997 8000

## Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

## Hulp?

**Berading** - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035